Tekste: Psalm 146: 6 (1983); Filippense 4: 23 (2022); 2 Kronieke 28: 1-15 (2020); Matteus 4:4 (2022).
Fokus teks: 2 Kronieke 28: 12-15 (2020).
Liedere: Gesang 275: 1-5; VONKK 4: 1-3; Gesang 235: 1-2; Gesang 344: 1-3; Gesang 269: 1-4.

---

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Kom ons raak intensioneel bewus van die teenwoordigheid van God.

TOETREDE:

Ons sit ons toetrede met 'n gebed voort. Ons sing die gebed, gesang 275: 1-5 ~ O God van Jakob, deur u hand word steeds u volk gevoed; U het wel eer op see en land ons vadere behoed.

VOTUM:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het, wat trou bly tot in ewigheid en nooit laat vaar die werke van sy hande nie (Psalm 146:6, 1983).

SEËN:

Die genade van die Here, Jesus Christus, is by julle. Sy goedheid is binne-in julle (Filippense 4: 23, 2022).

Tekste: Psalm 146: 6 (1983); Filippense 4: 23 (2022); 2 Kronieke 28: 1-15 (2020); Matteus 4:4 (2022).
Fokus teks: 2 Kronieke 28: 12-15 (2020).
Liedere: Gesang 275: 1-5; VONKK 4: 1-3; Gesang 235: 1-2; Gesang 344: 1-3; Gesang 269: 1-4.

---

SANG:

VONKK 4: 1-3: Kom en vertel aan nasies van sy mag. HY is die Heer – ons God in ewigheid. Juig en wees bly, die Here God regeer. VONKK 4: 1-3.

GELOOFSGETUIENIS: Die Opgestane Christus verseker 'n veilige lewenskoers.

Elke gelowige wil die versekering hê dat God in sy of haar lewe is. Ons wil God se teenwoordigheid beleef. Daar is soveel situasies waarin ons beland en waar ons die besondere behoefte het aan God se nabyheid. Wanneer ons in so 'n situasie beland, kan ons soos die Psalmdigter van God toe gaan.

TEKS: Psalm 16, 1983

1'n Gedig van Dawid. Neem my in beskerming, o God; ek soek skuiling by U.

2Ek het vir die Here gesê: "Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U.

3Die afgode in die land, so aantreklik vir baie – met hulle
wil ek niks te doen hê nie. 4Mag elkeen wat 'n ander god

vereer, baie smart beleef. Vir afgode sal ek nie bloedoffers uitgiet nie, hulle name sal ek nie op my lippe neem nie."

[5]Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom
alles van U af. [6]'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja,
wat ek ontvang het, is vir my mooi.
[7]Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring
het; selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.
[8]Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek
nie struikel nie. [9]Daarom is ek bly en juig ek en voel ek
my veilig.
[10]U gee my nie oor aan die dood nie. U laat u troue
dienaar nie in die graf kom nie.
[11]U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige
blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is.

SKULDBELYDENIS EN GENADE:

Gesang 235: 1-2. Liefde doen aan niemand kwaad nie – dis vervulling van die wet. Gesang 235: 1-2.

GEBED:

Tekste: Psalm 146: 6 (1983); Filippense 4: 23 (2022); 2 Kronieke 28: 1-15 (2020); Matteus 4:4 (2022).
Fokus teks: 2 Kronieke 28: 12-15 (2020).
Liedere: Gesang 275: 1-5; VONKK 4: 1-3; Gesang 235: 1-2; Gesang 344: 1-3; Gesang 269: 1-4.

PREEK:

Ons gaan vandag uit een van die baie ou, Ou Testamentiese boeke lees: 2 Kronieke 28. Die skrywe van hierdie dokument is aan ons onbekend, en staan bloot bekend as die Kronis. Die Kronis kan of 'n individu of 'n groep godsdienstige skrywers wees.

Die Kronieke dokument ontstaan na die ballingskap in die vyfde eeu voor Christus. Die Kronis maak van die geskiedenis gebruik om die terugkerende volk te oorreed om hulle lewe aan die Here te wy. Geskiedskrywing is dus nie die doelwit nie, maar geskiedenis word bloot gebruik om meer te sê oor God en hoe God se kinders moet lewe. Ons noem dit heilsgeskiedenis.

Daar is niks belangriker as om aan die Here toegewy te wees nie. Om vir Hom te lewe en Hom met jou hele lewe te dien, maak jou lewe die moeite werd ~ gee sin en betekenis aan jou lewe. In die Tweede Kronieke boek word die konings van Juda aan hierdie maatstaf gemeet.

Daar is konings wat so gelewe het: Dawid, Salomo en ander. Daar is konings wat nie so gelewe het nie: Agas, Manasse en ander.

Die tragiese is dat die slegte konings die volk verlei het om aan die Here ontrou te raak. Dit het my gedagtes laat loop na die leiers van die wêreld vandag. Hoeveel van hulle verlei hulle volgelinge om ontrou aan God te raak en hoeveel van hulle lei hulle volgelinge na God. Ek het gewonder of dit nie die rede is waarom die wêreld in so 'n groot gemors is nie.

Hierdie teksgedeelte laat my wonder oor my eie leierskap en verantwoordelikheid. Lei my voorbeeld mense na God toe of stoot dit mense van God af weg. Mahatma Gandhi sou op 'n dag gesê het: Die Bybel bring my nader aan God, maar die lewenswyse van sommige Christene stoot my verder weg van God.

Kom ons lees nou die heilsgeskiedenis van 'n slegte koning wat sy volk weg van God af verlei het: Agas. Ons

Tekste: Psalm 146: 6 (1983); Filippense 4: 23 (2022); 2 Kronieke 28: 1-15 (2020); Matteus 4:4 (2022).
Fokus teks: 2 Kronieke 28: 12-15 (2020).
Liedere: Gesang 275: 1-5; VONKK 4: 1-3; Gesang 235: 1-2; Gesang 344: 1-3; Gesang 269: 1-4.

---

gaan nie weer praat oor die slegte koning nie, maar in die middel van die lang stuk heilsgeskiedenis (vers 12-15) kry ons ‘n pragtige voorbeeld van hoe kinders van die Here in tragiese tye moet opstaan en ‘n verskil maak.

# 2 KRONIEKE 28

[1]Agas was twintig toe hy koning geword het, en hy het
sestien jaar in Jerusalem geregeer. Hy het nie gedoen
wat reg is in die oë van die Here soos sy voorvader Dawid
nie. [2]Hy het die pad geloop van die konings van Israel en
hy het selfs beelde van die Baäls laat giet. [3]Hy het in die
Ben-Hinnomdal offerandes gebring en van sy kinders
daar verbrand volgens die afskuwelike gebruik van die
heidennasies wat deur die Here voor die Israeliete uit
verdryf is. [4]Hy het diereoffers en wierookoffers gebring op
die hoogtes en op die rante en onder elke groot boom.
[5]Daarom het die Here sy God hom oorgegee in die mag
van die koning van Aram. Dié het hom verslaan en 'n
groot klomp van sy mense krygsgevangenes gemaak en
hulle na Damaskus toe weggevoer.

Tekste: Psalm 146: 6 (1983); Filippense 4: 23 (2022); 2 Kronieke 28: 1-15 (2020); Matteus 4:4 (2022).
Fokus teks: 2 Kronieke 28: 12-15 (2020).
Liedere: Gesang 275: 1-5; VONKK 4: 1-3; Gesang 235: 1-2; Gesang 344: 1-3; Gesang 269: 1-4.

---

Agas is ook oorgegee in die mag van die koning van Israel wat hom 'n verpletterende neerlaag toegedien het. 6Peka seun van Remalja het in Juda op een dag honderd en twintig duisend man, almal soldate, doodgemaak, omdat hulle die Here die God van hulle voorvaders verlaat het. 7Sikri, 'n krygsman uit Efraim, het die prins Maäseja, die paleisbestuurder Asrikam en die onderkoning Elkana doodgemaak. 8Die Israeliete het van hulle broedervolk twee honderd duisend vrouens, seuns en dogters gevange geneem en boonop 'n groot hoeveelheid buit geneem en na Samaria toe saamgevat.

9Daar was in Samaria 'n profeet van die Here met die naam Oded. Hy het die leër wat in Samaria teruggekom het, voorgestaan en vir hulle gesê: "In sy toorn teen Juda het die Here, die God van julle voorvaders, hulle in julle mag gegee, en julle het onder hulle 'n slagting aangerig met 'n woede wat ten hemel skrei. 10Nou sê julle julle wil van dié mense van Juda en Jerusalem julle slawe en slavinne maak. Maar julle, is alles wat julle doen nie ook misdade teen die Here julle God nie? 11Luister nou en vat

die gevangenes wat julle uit julle broedervolk weggevoer het, terug, want die toorn van die Here hang oor julle."

12'n Paar van die leiers van die Efraimiete, Asarja seun van Joganan, Berekja seun van Mesillemot, Hiskia seun van Sallu, en Amasa seun van Gadlai, het toe kant gekies teen dié wat van die oorlog af teruggekom het
13en vir hulle gesê: "Julle bring nie die gevangenes hier in nie. Wat julle wil doen, is 'n misdaad teen die Here en sal ons sondes en misdade teen Hom groter maak. Dit is alreeds groot, en sy toorn hang oor Israel."

14Die manskappe het toe afstand gedoen van die gevangenes en die buit, met die leiers en die hele volk as getuies.
15Die manne wie se name genoem is, het toe die gevangenes onder hulle sorg geneem. Hulle het uit die buit klere geneem vir almal wat nie klere gehad het nie, die gevangenes voorsien van klere, skoene, kos en water, salf aan hulle wonde gesmeer, almal wat nie kon loop nie, op donkies gehelp en hulle weggebring na Jerigo die palmstad toe, by hulle volksgenote. Daarna is die manne terug Samaria toe.

'n Mens kan nie net van brood leef nie. Jy het ook elke woord wat God sê nodig om regtig te kan lewe (Matteus 4:4, 2022).

'n Paar van die leiers het toe kant gekies teen die wat van die oorlog af terug gekom het. In die oorspronklike taal staan hier; 'n paar van die leiers het toe opgestaan teen die wat van die oorlog af terug gekom het. Die Hebreeuse woord: cum ~ beteken letterlik, om op te staan. Ons hoor dit ook by Jesus: Talitha Cum ~ Dogtertjie staan op.

Hier het ons 'n oorlog tussen mense van dieselfde volk: Juda teen Israel. Daar word geweldige onreg gepleeg. Een honderd en twintig duisend mans word in die oorlog doodgemaak en twee honderd duisend vrouens en kinders word as slawe weggevoer na 'n vreemde plek. Hulle gaan nou die eiendom van vreemde mense word, wat met hulle gaan maak net wat hulle wil.

Die wêreld was maar nog altyd 'n bose plek. Oorlog en haat kom van die vroegste tye. Onreg is aan die orde van

die dag. Wat gaan God se kinders doen? Gaan hulle hieraan deelneem of gaan hulle letterlik hierteen opstaan.

Dié vertelling in 2 Kronieke 28 is in die toebroodjie vorm geskryf. Die twee broodjies vertel van die slegte Agas en die boosheid van die mensdom. Maar die broodjie word met iets goeds aanmekaar gehou ~ die vulsel ~ Die kinders van die Here moet opstaan teen ongeregtigheid en 'n positiewe verskil maak. Ons mag nie maar bloot ons rug op ongeregtigheid draai nie.

Dink aan die ongeregtigheid in die wêreld. Dink aan die ongeregtigheid by die werk. Dink aan die ongeregtigheid by die skool. Dink aan die ongeregtigheid in families. Dink aan ongeregtigheid, moenie net daar oor kla nie, staan op en doen iets daarteen.

In die verhaal het hierdie manne die gevangenis onder hulle vlerk geneem. Ingebring in hulle persoonlike spasie en hulle daar versorg. Wat ook al die onreg wat mense aangedoen is; die vraag is of ons bereid sal wees om

hulle onder ons vlerk te neem. Ons moet hier in die gemeente begin, in ons eie familie. Mekaar onder mekaar se vlerk neem. Gaan dink bietjie hoe jy hierdie gemeente, en gemeentelede onder jou vlerk kan neem. Praat met mekaar in die huis daaroor en staan op en doen iets.

Hulle het vir die wat nie klere aan gehad het nie, klere aangetrek. Mense is uit hulle huise en omgewing met geweld gepluk. Soms is mense se klere van hulle lywe afgeruk. Dit is gedoen om mense te verkleineer. In die oorspronklike vertaling staan daar, daar was onder die gevangenis kaal mense. Mense wat verkleineer is.

Wat doen die kinders van die Here, hulle trek vir die verontregtes klere aan. Hulle keer dat die vernedering voortgaan. Vandag word volwassenes en kinders op verskillende manier verneder en verkleineer (geboelie). Wat doen ons? Ons moet opstaan en vir hulle klere aantrek, ek bedoel dit simbolies. Ons moet opstaan teen die mense wat ander mense boelie en verkleineer. Ons moet mense wat geboelie word onder ons vlerk neem.

Dié manne het salf aan die wonde van die gevangenis gesmeer. Dit was nou opstaan en iets doen. Help die met wonde om te genees. Hierdie wonde het my laat dink aan baie mense met nie net fisiese wonde nie ... emosionele wonde, psigiese wonde, finansiële wonde, alleenheid wonde, en nog baie ander. Ons as kinders van God word opgeroep om salf aan sulke mense se wonde te smeer. Dalk vergifnis salf, dalk 'n glimlag salf, dalk is pakkie kos salf, dalk 'n oproep/WhatsApp/besoek salf.

Vir die wat gesukkel het, het hulle op donkies gelaai en hulle terug gevat na hulle mense toe. Hulle het spreekwoordelik die ekstra myl saam met hierdie mense gestap. Hulle het die pad vorentoe vir die mense makliker gemaak. Ons hoef nie mense op regte donkies te tel nie, maar ons kan ook baie dinge doen om vir sulke mense die pad vorentoe makliker te maak. Wat doen ek om mense in nood se pad vorentoe makliker te maak.

Hierdie stuk geskiedenis is vir ons so kosbaar. Ons mag dit nie maar eenkant toe skuif en sê dit is geskiedenis wat niks met ons te doen het nie. Ons moet leer om op te staan en teen ongeregtigheid te veg. Ons moet ten spyte van die stukkende wêreld, juis opstaan en die vernielde mense onder ons vlerk neem.

Amen.

SLOTSANG:

Ons sluit af met 'n Kersfees en Epifanie lied, Gesang 344: 1-3. O die goeie tyding, o die blye tyding – helder klink dit met Kersfeestyd (Epifanietyd): diep was ons verlore, Christus is gebore. Juig dan, almal, jubel oor die saligheid! Gesang 344: 1-3.

SEËNGROET:

Ons sing mekaar seënwense toe. Gesang 269: 1-4. God bly met ons, waar ons ook mag gaan. Gesang 269: 1-4.